**Voorlopige bedrag van R4.1 miljard in tweepotstelselaansoeke**

**Tshwane, 11 September 2024** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het 'n totaal van 161 607 belastingaanwysingsaansoeke ontvang. Dit sluit aanwysings in wat gekanselleer is. 159 853 is verwant aan spaargeldonttrekkingsvoordele wat 98.9% van die aantal aansoeke uitmaak wat van 1 tot 10 September 2024 ontvang is - dit beteken dat SARS 'n gemiddeld van 17 964 belastingaanwysingaansoeke per dag ontvang het.

Die brutobedrag van die enkelbedrae waarvoor aansoek gedoen is, is nagenoeg R4.1 miljard in totaal.

SARS Kommissaris Edward Kieswetter het gesê dat bydraes tot 'n pensioen- of aftreefonds nie ten tyde van betaling aan die fonds belas word nie, maar uitgestel word na die tyd wat die persoon aftree en dan teen 'n verlaagde koers belas word. Indien 'n individu egter nou onttrek, word hulle teen hulle marginale belastingkoers belas.

Kommissaris Kieswetter het gesê: "Aansoeke vir belastingaanwysings word deur die fondsadministrateur deur eFiling aan SARS gestuur. Die aanwysing dui aan hoeveel belasting die fonds namens SARS moet aftrek voor uitbetaling".

"Belastingpligtiges wat SARS geld skuld moet besef dat hulle belastingskuld saam met die onttrekkingbelasting afgetrek sal word. Indien daar egter betalingsreëlings in plek is om die skuld met SARS te vereffen, sal die betalingsreëling in plek bly en die skuld nie van die onttrekking afgetrek word nie. Belastingskuld wat uitgestel is sal ook nie afgetrek word nie," het Kommissaris Kieswetter gesê.

Hy het aangedui dat die keertyd vir SARS om aanwysingsaansoeke te voltooi, sonder enige menslike ingryping, nie meer as 24 uur is nie.

Die kanale wat deur belastingpligtiges gebruik word om meer inligting oor die nuwe stelsel by SARS te kry sluit die SARS-aanlynnavraagstelsel op die SARS-webtuiste en die SARS Whatsapp-kanaal (0800 11 7277) in waar belastingpligtiges gesimuleerde belastingberekeninge ten opsigte van hulle tweepotonttrekkings kan doen.

Aansoekers dui hoofsaaklik drie redes aan vir onttrekking deur die nuwe stelsel - 'n oordrag as gevolg van egskeiding, 'n oordrag na 'n aftreefonds, en 'n onttrekking deur die belastingpligtige.

Aangesien die situasie daagliks verander, sal SARS periodiese terugvoer oor die aantal onttrekkings verskaf.

Vir meer inligting, kontak ons by SARSMedia@sars.gov.za.

EINDE.